weergawe van tradisionele vorme nie. Nuwe verpligtings en nuwe kritiese standaarde word telkens daargestel. Tog speel tradisie hier ook 'n groot rol want dieselfde kunsvorme word van geslag tot geslag oorgedra en dieselfde motiewe kom telkens voor. Hierdie spanning tussen konserwatiewe en produktiewe magte, tussen nabootsing en inspirasie word allerweë in estetiese beskouinge erken. Die moderne estetika eis egter dat die eerste gawe van 'n kunstenaar oorspronklikheid moet wees; oorspronklikheid in die sin dat hy dit kan voortbring waarvoor geen vaste reëls neergelê is nie. Hierdie vorm van oorspronklikheid is die prerogatief van kuns en kan na geen ander terrein van die menslike aktiwiteite uitgebrei word nie.

Die verhouding tussen subjektiwiteit en objektiwiteit, tussen individualiteit en universaliteit is nie dieselfde in die werk van die 'wetenskaplike' as wat dit in die werk van die kunstenaar is nie. Dit is wel waar dat elke groot wetenskaplike ontdekking die stempel dra van die gees van die ontdekker, maar in die objektiewe inhoud van die wetenskap word hierdie individuele kenmerke egter gou uitgewis; een van die hoofdoelstellings van die 'wetenskap' is die verwydering van alle persoonlike en antropomorfiese elemente.

Die hele menslike kultuur kan dus as een groot eenheid beskou word. Hierdie eenheid bestaan daaruit dat dit beskou kan word as een groot voorwaartse beweging in die proses van progressiewe selfbevryding. Godsdiens, taal, kuns en 'wetenskap' deel almal in hierdie proses en in hulle almal openbaar die mens 'n nuwe mag, die mag om 'n wêreld van sy eie op te bou naamlik 'n "ideal world".

<u>HOOFSTUK 11</u> <u>OORSIG</u>

<u>1. Inleiding.</u> In sy antropologiese studie kom Cassirer voor die probleem te staan van hoedat die mens tot kennis van homself kan kom. Hierdie selfkennis is nodig en noodsaaklik maar is moeilik om te verkry. Die aard van die mens kan nie op dieselfde wyse ondersoek word as wat hy die aard van die fisiese dinge ondersoek nie. Cassirer probeer die mens ken deur hom in sy ontwikkelingsgang as kultuurskepper te ondersoek. In hierdie analise kom hy tot die gevolgtrekking dat die gang van die ontwikkeling die selfbewuswording en selfontplooing van die menslike gees is. In hierdie ontwikkeling openbaar die mens hom as wesensverskillend van die dier. Hierdie verskil word openbaar in hulle onderskeie reaksies teenoor prikkels, in die aard van hulle intelligensie, in hulle ruimtelike en tydelike aanpassing en ten laaste omdat die mens 'n kultuurskepper is en die dier nie.

<u>2. Sy metode.</u> Cassirer het 'n nuwe benadering tot die algemene filosofie van die geesteswetenskappe. As volgeling van Kant en Neo-kantiaan van die Marburgse skool, bly hy getrou aan die transendentale metode of visie. Hy begin by die mens, by die spesifiek menslike en hy soek na en ondersoek die transendentale voorwaardes in sy gees wat sy kultuurskeppings (mite, godsdiens, taal kuns en 'wetenskap') moontlik maak.

Hy gaan egter verder as hulle want hy erken ook die waarde van die

74./ genetiese metode ...

genetiese metode. Hy soek in die ontwikkeling van die mensdom na daardie gegewens wat hom is staat kan stel om die mens te verklaar. Hierdie gegewens bly hy egter transendentaal vertolk en plaas dus die genetiese metode onderhewig aan die transendentale metode.

Die sentrale begrip van sy benadering is die simboliese vorm. Al die genoemde kultuursektore is vir hom min of meer outonome sisteme waarin die menslike gees gestalte kry en aan die werklikheid sin gee. Alhoewel elke simboliese vorm 'n innerlike eenheid het en op homself staan, het hulle almal tog 'n onderlinge eenheid en samehang. Hierdie eenheid bestaan as gevolg van die feit dat hulle tesaam en afsonderlik manifestasies is van die simboliese funksie en die daarvoor geldende fundamentele wette.

Hy kom tot hierdie gevolgtrekking deur 'n noukeurige analise te maak van al die kultuurverskynsels van die hede en die verlede. Nadat hy ander denkrigtings wat 'n verklaring bied vir hierdie verskynsels krities ondersoek het, gee hy dan sy eie beskouing en kom tot sy eie gevolgtrekking van wat die mens is.

3. Sy mensbeskouing. Die mens het vir Cassirer een uitstaande kenmerk waarin hy hom onderskei van alle ander lewende wesens. Dit is sy vermoë tot simboolvorming; die simbool is die sleutel waardeur die mens in sy wese geken kan word. Hierdie wese is nie vasstaande nie, want die mens het geen bepaalde natuur nie. Hy word eers mens in sy werk, dit wil sê in die kultuur wat hy tot stand bring. Dit is ook deur middel van hierdie simboliese vorme waardeur die mens tot selfkennis kan kom. Hy noem ook die mens 'n animal symbolicum en die band wat hom met sy werke en met ander mense bind is funksioneel van aard. Hy is juis dán mens as hy sy funksie van simboolvorming en "ideation" uitvoer.

Cassirer beweer dat die mens nie die natuurlike wêreld kan ken deur middel van onmiddelike aanskouing nie. Die wese van die menslike bewussyn bestaan juis daarin dat hy die onmiddelike aanraking met die natuur verbreek. Tussen die M e r k n e t z en die W i r k n e t z plaas hy die simbool. Die simbool is die enigste middel waardeur die mens die werklikheid van watter aard ook al, kan ken. Sy kennis is nooit 'n afbeelding of selfs 'n weergawe van die werklikheid nie. Die simbool is 'n fundamentele medium in ons kenne en is 'n onoorkomelike hindernis om die werklikheid op sigself te sien. "No longer can man confront reality immediately; he cannot see it, as it were, face to face."[1] Enige matafisika wat van 'n absolute werklikheid praat dwaal dus, want die enigste kenbare werklikheid is dit wat deur die simboliese vorm gegee word.

Die doel van Cassirer se simboolbegrip is dus drieërlei. Die eerste is sy kenteoretiese motief; die tweede dat die simboolbegrip 'n medium is waardeur die mens se geestelike gesteldheid weergegee kan word; die derde is dat die simbool die sleutel is waardeur die mens geken kan word.

Vir Cassirer is die hele ontwikkeling van die mens 'n proses van bevryding van spanning, of soos hy dit noem "progressive selfliberation". In die aanvang sit die mens, volgens hom, gevange in die sinlose natuur en is hy as mens innig daaraan verbonde. Vanuit hierdie gebondenheid

1.E.o.M., 25.

75./ bevry hy hom stap .......

bevry hy hom stap vir stap deur middel van sy transendentale vertolking van die natuur totdat hy uiteindelik as bevryde mens, volkome sal beweeg in die wêreld van "meaning" wat hy self daargestel het.

In al sy werke sien ons vir Cassirer steeds as 'n optimus met 'n sterk geloof in die uiteindelike oorwinning van die h u m a n i t a s en van die r a t i o .

CANCELLED